| | |
|---|---|
| ëVerslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling, Kimberley)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA & R 22/2015** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **27 / 07 / 2015** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **31 / 07 / 2015** |

In die appèl van:

**DAVID SEEKOEI** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

Coram: Lever WnR *et* Erasmus WnR

---

## UITSPRAAK OP APPÈL

---

[1] Hierdie is 'n appèl teen die vonnis van 2½ jaar gevangenisstraf wat die appellant opgelê is in die Landdroshof te Galeshewe op 'n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die Appellant het aanvanklik tereggestaan op drie aanklagte, waaronder ook *crimen iniuria* en opsetlike saakbeskadiging.

[2] Hy het tydens die verhoor onskuldig gepleit. Hy is onskuldig bevind op hierdie twee aanklagte. Sy aansoek om verlof om te appelleer teen die skuldigbevinding aan die aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer en die vonnis wat hom opgelê is, is van die hand gewys. Verlof om teen die vonnis te appelleer is later op petisie aan die appellant toegestaan.

[3] Wat die persoonlike omstandighede van die appellant betref, is dit gemene saak dat hy 36 jaar oud was ten tye van die voorval. Alhoewel hy twee vorige veroordelings het, is hy nog nooit voorheen skuldig bevind aan ‘n geweldsmisdaad nie en ook nog nooit gevonnis tot direkte gevangenisstraf nie. Hy het nie enige formele opleiding gehad nie, maar het bouwerk verrig en daarmee ‘n inkomste van R9,000.00 per maand verdien. Hy het vyf afhanklikes.

[4] Die appellant het die klaagster met ‘n gebreekte bottel gesteek en haar, toe sy die hou afgeweer het, op haar hand gesteek. Hy het ook terwyl sy van hom af weggehardloop het haar met ‘n klip teen haar hoof gegooi. Sy het oop wonde opgedoen wat geheg moes word. Die klaagster was ongewapen.

[5] Vanweë die erns van die misdryf en die algemene voorkoms van hierdie misdryf in hierdie Afdeling, asook die afwesigheid van berou aan die kant van die appellant, het die Verhoorhof bevind dat direkte gevangenisstraf die enigste gepaste straf is, ondanks die gunstige persoonlike omstandighede van die appellant.

[6] Daar is namens die appellant aangevoer dat die vonnis wat die appellant opgelê is skokkend onvanpas is, gegewe die appellant se gunstige persoonlike omstandighede en die spesifieke feite van hierdie saak en dat hierdie Hof dus geregtig is om in te meng met die vonnis.

[7] Daar is aanvanklik, in die betoogshoofde namens die respondent, aangevoer dat die Verhoorhof geen mistastings begaan het nie en dat die vonnis nie skokkend onvanpas is nie. Gevolglik bestaan daar geen gronde vir die hof van appèl om met die opgelegde vonnis in te meng nie. Mnr. Kgatwe, namens die respondent het egter tydens betoog toegegee dat die vonnis swaar is en dat bevind kan word dat dit skokkend onvanpas is en dat inmenging dus geregverdigd sal wees.

[8] Dit is geykte reg dat 'n hof van appèl nie ligtelik mag inmeng met ŉ vonnis van 'n ander hof nie. Daar mag slegs ingemeng word indien die opgelegde vonnis skokkend onvanpas is, buite verhouding is tot die oortreding waaraan die appellant skuldig bevind is of as die verhoorhof misgetas het en daar gevolglik bevind kan word dat die verhoorhof sy diskresie op 'n onredelike wyse uitgeoefen het.[1]

[9] Die misdaad waaraan die appellant skuldig bevind is, is 'n baie ernstige misdryf en misdrywe teenoor vrouens kom gereeld voor, nie net elders in ons land nie, maar spesifiek ook in hierdie afdeling.[2] Daar moet egter gevolg gegee word daaraan dat 'n

[1] **S v Salzwedel and Others 1999(2) SACR 586 (HHA)** op 591g-h
[2] **DPP v Thabete 2011(2) SASV 567 (SCA)** op 577 par [22]

beskuldigde se persoonlike omstandighede nie genegeer moet word ten koste van die belange van die gemeenskap nie, soos wat Jansen AR opgemerk het in **S v Matoma**[3]**:**

*“Die geleidelike en geregverdigde verswaring van strawwe om die vermeerderende voorkoms van 'n bepaalde misdaad met afskrikking, retribusie en verwydering van die oortreder uit die gemeenskap in die belang van die gemeenskap te bekamp, moet by straftoemeting nie lei tot 'n noodwendige negering van 'n besondere beskuldigde se eie persoonlike omstandighede wat moontlik tot strafvermindering kan lei nie. Elke geval moet nog steeds in die lig van die beskuldigde se persoon en besondere omstandighede opgeweeg word.”*

[10] Ek is van oordeel dat die Verhoorhof die algemene voorkoms van die misdryf oorbeklemtoon het ten koste van die persoonlike omstandighede van die appellant en dat die vonnis so swaar is dat geen redelike hof dit sou opgelê het nie. Gevolglik is hierdie Hof geregtig om in te meng met die opgelegde vonnis.

[12] Ná oorweging van die feite van hierdie saak, die persoonlike omstandighede van die appellant, asook die betoë van die regsverteenwoordigers is ek van oordeel dat ‘n vonnis van 18 maande gevangenisstraf in die omstandighede gepas is. Die appellant is in aanhouding sedert sy vonnisoplegging op 12 Maart 2014 en het dus reeds ‘n gedeelte van die vonnis van gevangenisstraf wat by skuldigbevinding opgelê is uitgedien. Dit is gevolglik gepas om die vonnis wat ek voornemens is om nou op te lê terug te dateer tot hierdie datum.

[3] **1981(3) SA 838 (A)** op 842H – 843A; Sien ook **S v Sibeko 1995(1) SASV 186 (A)** op 193i – 194a

[13] Ek maak die volgende bevel:

**1 DIE APPÈL TEEN DIE VONNIS SLAAG.**

**2 DIE VONNIS VAN DIE LANDDROS GALESHEWE ONDER SAAKNOMMER Gal 173/2014 WORD TERSYDE GESTEL EN VERVANG MET DIE VOLGENDE:**

**'DIE BESKULDIGDE WORD GEVONNIS TOT 18 MAANDE GEVANGENISSTRAF.'**

**3 IN TERME VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 282 VAN DIE STRAFPROSESWET, NO. 51 VAN 1977, WORD DIE VONNIS VAN 18 MAANDE GEVANGENISSTRAF WAT DIE APPELLANT NOU OPGELê IS TERUGDATEER TOT 12 MAART 2014.**

____________________________

**SL ERASMUS, WnR**

Ek stem saam.

____________________________

**L LEVER, WnR**

| | |
|---|---|
| **Vir die Appellant:** | Adv. P.J. Fourie (iov Regshulpraad) |
| **Vir die Respondent:** | Adv. Kgatwe (iov DOV) |